

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 08:00 EN 09:30

Jesus is die ware mens dra die volle las van ons sondes

Skriflesing:

Johannes 18:28-19:19

Vir die afgelope paar maande het ons gesien hoe gewone mense se lewens verander word as God ingryp. Hulle was moeg en uitgeput, hulle omstandighede was sleg en hulle toekomsprospektief was sonder hoop. Deur die kragtige hand van God, het hierdie mense net soos ons, uitsonderlike dinge vermag.

Teksvers:

Johannes 19:5

Sing:

Ps 84:1, 3
Ps 90:2, 4, 9
Ps 8:3, 4, 5
Ps 33:7, 10, 11
Sb 13-3

Al was hulle in sak en as. Al was hulle magteloos en het gevoel of hulle lewe sonder betekenis is, wys die Here ons op die waarde van ons lewens en hoe kosbaar ons is in Sy oë.

Tog is daar een mens wat meer gedoen het as hulle almal saam. Een mens, wat die enige en ware mens is. Hy wat nie deur sy omstandighede bepaal hoe Hy optree nie, maar wat doelbewus Sy Eie heerlijkheid prysgegee het en die volle las van ons sondes gedra het. Ons staan stil by die mens, Jesus Christus, die volle openbaring van God, die Woord wat vlees word. Amen

Elektroniese verwerking:

Eric Guldemond
Jacques Silvis
Orrelis: Corleia vd Walt
Prediker: Ds Lourens Venter

SONDAGAAND 18:00

God is Waarheid en Satan is Leuen!

Skriflesing:

Rom 1:18-32

- God is waarheid! Ps 31:6 "God van trou/waarheid."
- Jesus Christus is die waarheid. Joh 14:6 "Ek is die ...waarheid.."
- Die Heilige Gees is die waarheid. Joh 14:17 "Die Gees van die Waarheid"
- Die Woord is die waarheid. Joh 17:17 "U woord is die waarheid."

Teksvers:

Rom 1:18,25

HK Sondag 43

Sing:

Ps 34-1:1,6
Ps 86-1:6
Ps 36-1:2
Sb 13-3

Satan is die leuen. Joh 8:44 "...En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen."

Die negende gebod verbied daarom die leuen en dat ons leuens mag vertel. Satan het in die paradys reeds bevestig dat hy "die vader van die leuen is." (Joh 8:44) (pseudo – leuen) In Jesus Christus moet ons altyd die waarheid (aletheia – waarheid) praat. (Ef 4:25).

Elektroniese verwerking:

Eric Guldemond
Jacques Silvis
Orrelis: Mariki Lessing
Prediker: Ds Gerrit Kruger

KOMMUNIKATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 45 Nr 46 29 November 2020

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Oor die engele is Hy nie besorg nie, maar oor die nageslag van Abraham

In Johannes 1 openbaar die Heilige Gees aan ons dat Jesus Christus, die Logos, die Woord, mens word en onder ons kom woon. Dit is ook wat so mooi verwoord is in die belydenis van Nicea: "Hy het ter wille van ons mense en ons saligheid, uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees, uit die maagd Maria, vlees geword, Hy het mens geword."

Dit is hierdie menswording waarin ons die volle openbaring van God aanskou. Hy wat Jesus is, is die ware mens. Hy is die Woord van God. Hy is die volle openbaring, die volle bekendmaking van God se genade en oordeel.

Dit is waarna die hele Skrif verwys. Dit is waarop die hele "testament" gebou word. Petrus skryf dat die profete aangaande hierdie saligheid ondersoek ingestel en navorsing gedoen het hoe en waar en wanneer die Christus sou verskyn om die belofte van die testament te vervul.

Die Bybel is nie bedoel vir die engele nie. God gee sy Woord aan ons as mense. Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die nageslag van Abraham, dws oor die gelowiges, is Hy besorg. Hierdie woorde kom uit Hebreërs 2 waar die skrywer Psalm 8 verklaar en wys op die Mens na wie verwys word. Hy wat skaars minder as die engele geword het. Hy wat Sy heerlijkheid neergelê het, om aan mense gelyk te word.

Dit is hierdie wonderlike evangelie, die Blye Boodschap wat ons vandag in ons eie taal mag ontvang en lees en daaruit naspeur wie die Christus is. Die splinternuwe 2020 direkte vertaling word vandag in gebruik geneem na baie jare se harde werk.

Ons hoop en vertrou dat elkeen nie net die nuwe vertaling van die Bybel sal hou op die rak as vertoonstuk nie, maar dat hierdie woorde ingedrink, ingeasem en oordink mag word. Want hierdie woord word aan ons gegee sodat ons sal leer ken wie Hy is en wat Hy doen. Hy lê Sy woord in ons harte en messel dit vas deur die kragtige werk van die Heilige Gees. Laat die Heilige Gees dan in elkeen se hart strome van lewende geloofswater vloei deur ywerige Bybelstudie om geloofswaarhede keer op keer te herbevestig. Dan is ons toegerus om aan gewillige luisteraars in gehoorsaamheid aan Mat 28:19 hierdie nuwe lewe in Christus te getuig sodat daar ook lewe in hulle dooie harte kom en God daardeur die lof en eer ontvang.

Lourens Venter (vdm)

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYDE

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Vry** 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614

Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330



NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die eredienste voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)).

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**.

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

EREDIENSTE OP CD audio-opname van 'n eredienste: Johann Verreyne 082 554 9416

Alethea Ministry

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

Broadcast every Sunday at 11:00

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

Eljada Huis

Baie dankie vir al die items wat ons ontvang het. Ek dra elke gesin se dankbaarheid oor aan almal wat hulle harte so oopgemaak het. Ons versorg huidige 40 gesinne - 121 lede en dit wissel nog steeds van week tot week.

Kospakkies oor die feestyd: Og items kan geskenk word. Eljada Huis sal dan self vir die gesinne pak. Elke bietjie maak baie en stel hulle in staat om groot verligting te bring onder behoefte-ge gesinne:

Margarien, konfyet, grondboontjebotter, suiker, mabella, hawermout, mieliemeel, macaroni, spaghetti, mielierys, stampmielies, rys, koekmeel, suurdeeg, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, soppoeier, waspoeier, toilet papier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, asblik sakke, jellie, vla, koekies, lekkers, aanmaakkoeldrank. Volledige nuusbrieff van Eljada is op die kennisgewingbord.

Volledige nuusbrieff is op die kennisgewingbord.

Hennie vd Vyver 078 442 40421

Rooihuiskraal Geloftefees 2020

'n Geloftefees vind hierdie jaar weer plaas by die Rooihuiskraal geskiedkundige terrein (Rooihuiskraalweg) in die Groot Stal op **Woensdag, 16 Desember om 9:00**.

Bring asseblief kampstoele en sonsambre saam om buite te sit as daar te veel mense is vir die saaltjie (Covid beperkings); koelte onder die afdak/boom is beperk.

Kom bietjie vroeër want temperatuurmetings word by die hek gedoen; die dra van maskers is noodsaaklik.

Ds. Gideon du Toit van NG Kerk Lyttelton-Noord lei die Geloftediens uit Psalm 3 en die feesrede word gelewer deur Zieg van Huyssteen van die FAK.

Vrugtesap en koekies sal na die verrigtinge beskikbaar wees.

Kontakpersone: Paul Retief (082 562 9845)

Charl van den Bergh (072 698 7956)

Katkisasie-onderwysers benodig vir 2021

Die Katkisasiekommissie is besig met die beplanning vir die aanbieding van katkisasie in 2021 en benodig nog 'n paar onderwysers, veral aflos-onderwysers vir wanneer een van die huidige onderwysers nie beskikbaar is nie.

Stuur asseblief net 'n kort boodskap of skakel Pieter van der Dussen by 082 416 7188 indien jy graag wil betrokke raak by hierdie baie belangrike deel van ons gemeente se werk.

Registrasie is oop vir studies by die Mukhanyo Teologiese Kollege vir 2021

Die Centurion Afstandsentrum bied studies in:

- "Higher Certificate in Bible Teaching (NQF level 5, 120 credits, SAQA: 115959)
- "Higher Certificate in Church Ministry (NQF level 5, 120 credits, SAQA: 115961)"

Vir meer inligting besoek

<https://www.mukhanyo.ac.za/programmes.html>.

Kontak

Gerda Guldemon gscholtemeijer@gmail.com

Lektor Solomon Makwakwa
makwakwasf@gmail.com

Almanak 2021

Is by die kerkkantoor beskikbaar @ R90. **Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n boek.

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Boek + Jou Naam**

Laerskoolkinders

Vul die ontbrekende woorde in:

_____ het toe weer
buitentoe gekom en vir die _____
gesê: "Kyk, ek bring hom vir julle
buitentoe, sodat julle kan weet
dat ek geen _____ in hom
vind nie."
Toe het _____ buitentoe
gekom, nog so met die _____
op en die _____ mantel aan.
_____ sê toe vir hulle:
"Dit is die _____!"

Ons gee om vir Mekaar

"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1

- Jan Heystek ondergaan komende week 'n prosedure (A10—082 337 0081).
- Cimel du Toit het 'n draai in die hospitaal gemaak (C15—078 272 87312).
- Theo Westervelt ondergaan komende week 'n knie-operasie (C9—667 1506).
- **Meelewing** word betuig met Nannie du Plessis, Hannelie Grobler (dogter), familie en vriende na die afsterwe van ds Pieter du Plessis emerituspredikant gedurende die week. Begrafnisreëlings: Woensdag, 2 Des om 09:00 by Pta-Oos begraafplaas, troosdiens is 10:30 vanuit ons gemeente.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk



- ♥ Andre en Chané met die doop van Marnus Beumer.
- ♥ Ben en Larita met die doop van Ané Steyn.

Hy sê toe vir sy dissipels:
"Die oes is groot, maar die arbeiders min.
Bid dan die Here aan wie die oes behoort,
om arbeiders uit te stuur vir sy oes."

KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatsversorging



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: alle banke miv 1 Januarie 2021 tjeks as 'n betaalmetode staak.

Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

Instandhouding—Verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; playeisel; hout- of lamineerfloere; dak-watarseëling; palissades; bouwerk; tuindienste, ens. Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

Pastorale berading, Esther du Plessis 0718682257.

Finansiële Beplanning. Ek spesialiseer in Risikodekking, beskerming van u huidige rykdom (wealth protection); Aftreebeplanning en studievoorsiening. Tjaart vd Walt (CFP™) 082 824 2933.

Familie Mediasie - Esther du Plessis 0718682257.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid. (664-0685) centurionflorist@discoverymail.co.za.

Vir enige **Sekwestrasie of Skuldberading** navrae kontak Rietha Maritz by 072 118 3258. Gratis konsultasie. NCRDC444.

Ruim Tuinwoonstel te huur - Eldoraigne, R6000pm (wl & Wifi ingesluit). 1 of 2Sk; bk; sitkamer; kombuis - oopplan. Onderdak parkering; buitebraai; alarm. Geen kinders of troeteldiere. Phia Lombard 083 454 9358.

Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949

Rudy Kruger: 082 468 6035

Petra Swanepoel: 0829277324

Theuns Louw: 082 815 4272

Drikus vd Walt: 060 569 2608



Gemeentevergadering

6 Desember 2020

tydens die oggend-eredienste

Gerrit Beumer gaan finansiële terugvoer gee aan die gemeente.

BYBELS BESKIKBAAR BY DIE KERKKANTOOR

U moet asb die **korrekte bedrag in die kerk se rekening inbetaal** en die bewys van betaling kom inruil vir u Bybel. Bevestig asb vooraf met kantoor dat die Bybels wel beskikbaar is.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Bybels Ma-Do tussen 09:00 en 14:00 en Sondae tussen die twee oggend-eredienste.

Afrikaanse 2020 Bybelvertaling, slegs hardeband R135

Ander amptelike tale R110 (hardeband) R60 (sagteband).

Bybels in Frans (DRK), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe) en Portugees (Mosambiek) is op aanvraag beskikbaar (pryse verskil van bg). **Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 409

Verw: **Biblos + Jou Naam**



VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

29-Nov	Stephan	Bester	C05	27725772594
	Kobus	van Niekerk	C06	27832699113
30-Nov	Kobus	Joubert	A01	27798738219
1 Des	Marius	Gerber	C14	27823272949
2 Des	Marco	Ellis	A12	27740 843102
	Jaco	Gerber	C13	27849210430
	Janita	Stolk	B05	27832384918
	Adrian	v Antwerpen	A08	6622519
	Stephanie	v Jaarsveld	B03	27846036773
3 Des	Kotie	Kruger	A02	27715086887
4 Des	Elana	Brits	B15	27827821416
	Christine	Strydom	A03	27828722215
	Franco	vd Walt	B11	27824315256
5 Des	Thinus	Nel	C01	27834087811
	Ben	Vorster	A15	6515352

DOOPLIDMATE

30-Nov	Juanette	Jonhstone	B01	27833767149
2 Des	Gideon	Smit	B13	27835921434
12 Des	Reynhardt	Kruger	B15	27824483406

Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00.

Ongelukkig is die pandemie nog in ons midde en lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

29 November	
08:00	09:30
A01 tot A08	A09 tot A16
B01 tot B10	B11 tot B19
C01 tot C08	C09 tot C15
6 Desember	
08:00	09:30
A09 tot A16	A01 tot A08
B11 tot B19	B01 tot B10
C09 tot C15	C01 tot C08

Tiener Afsluiting

Kom sluit die jaar saam met ons af met 'n "kou-wit" roomys na 'n covid jaar op die kerk se dak.

Wanneer: 29 Nov 2020

Tyd: 19:00-20:00

Plek: Kerk se dak

Kleredrag:

Verkieslik 'n broek asb

R.S.U.P asb voor 25 Nov op

Tiener Whatsapp groep



Kerssangdiens

6 Desember 2020 om 18:00

te GK Centurion

Tema: **Bring hulde aan die Koning**

Almal welkom!!

